Geliefde Lourensrivierder

Hier hou ons **Feesmark** dat dit goed gaan! Kom loer asseblief in en ondersteun saam met ons die produkte van uitsonderlike talentvolle uitstallers wat verseker niks onder die maatemmers begrawe het nie😊 Die eetbare produkte en die **Feeskafee** is ook uit die boonste gestoeltes!! Die kwaliteit is besonders hoog en Kersfees is besonders naby😁, so moet asseblief nie uitstel of uitmis nie.

Ons tema vir die Dinamiet Kiedz hierdie kwartaal gaan juis oor Gawes en Talente, so kom ons vier sommer in hierdie Feesmarktyd dit wat die Here vir ons so mildelik en onverdiend gee sonder dat ons eers daarvoor vra♫ Hoe kan ons dan anders as om dankie te sê en self weer uit te wil deel?♫



Psalm 16:5-6
Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.

Luk 6:38
Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee.....

Sons of Korah sing uit Psalm 91 oor hoe ons Here, die Uitdeler van alle gawes en talente getrou oor ons waak....

KLIEK HIER: https://www.youtube.com/watch?v=YvhWTWpNWL0

NUUSKRUMMELS: 26 OKTOBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

Horlosie by Feesmark gevind....

Kontak 021 853 5991

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

SPESIALE GEBED ONTBYT by die NG Gemeente Suider-Strand Maandagoggend 13 November 2017 om 9:00-11:00. Koste R100-00.
Hierdie uitnodiging is vir alle Leraars, gemeenteleiers asook enige iemand wat belangstel om te kom luister na dr Richard Blackaby (seun van die baie-baie bekende Henry Blackaby). Hierdié is 'n uitsonderlike geleentheid om na 'n uiters gewilde internasionale spreker te luister met baie ervaring op die gebied van "coaching", mentorskap, leierskap en intimiteit met God en het verskeie boeke oor hierdie onderwerpe geskryf. Hier is 'n skakel na 'n videogreep waar Richard oor een van sy boeke (Experiencing God/Unlimiting God) gesels: https://www.youtube.com/watch?v=FuHxP-aMqn8 ASOOK 'n videogreep van pa en seun oor "Experiencing God": https://www.youtube.com/watch?v=iFP5ZaTtX1A Daar is ook die vooruitsig van borgskap vir "coaching" toerusting vir diegene wat besluit om deel te word van die opvolg van hierdie inisiatief. Dit beloof om 'n baie waardevolle geleentheid te wees vir enige gelowige wat tot enige vorm van leierskap geroep is.
Kontak ds Carel Smith by 072 278 9225 / carelrita@mweb.co.za of die Kerkkantoor vir kaartjies Tel 021-854 5076.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

HUIS PAM BRINK

Versorgingsdiens vir Ouer Persone

Huis PAM Brink
Myburghstraat 16
STRAND 7140

Telefoon 021 8544579
Faks 021 8544770

E-pos: pambrink.admin@gmail.com
Geregistreerde Organisasie Sonder Winsoogmerk (Registrasie nr 011-891)

IN-HUIS KERSMARK

VANAF 15 NOVEMBER TOT 15 DESEMBER

Ons verkoop deurlopend :

Lekkergoed verskeidenheid
Tuisgemaakte mostert
Konfyt
Pasta slaai
Beskuit
Variasie van tuisgemaakte **droë koekies**
Geskenke vir groot en klein
Pragtige **naaldwerk** items wat as geskenke gegee kan word.

Woensdag 15 November om 10:00 skop ons af met 'n **Koek en Tee/Koffie restaurant**. Kom kuier gerus saam en geniet heerlike tuisgebakte soet en soutigheid.

Vrydag 24 November gaan ons heerlike **Skaapvleis groenboontjie potjie** verkoop @ R30.00/500ml bakkie. Hierdie is 'n Vrydagaand wegneemete winskopie. Etes kan vanaf **14:00** afgehaal word.

Woensdag 29 November om 10:00 gaan ons liplekker **Poeding** verkoop @ R6.00/250ml bakkie.

Vrydag 8 Desember verkoop ons **Spek n Eierbroodjies** @ R15.00 elk. Vir afhaal vanaf 08:00.

PLAAS BESTELLINGS VOORAF BY CHRISTINE (021) 854 4579 OM TELEURSTELLING TE VOORKOM !!

ONDERSTEUN ASSEBLIEF ONS LAASTE FONDSINSAMELINGSPOGING VAN 2017!

Met dank, Bestuur

SEëNWENSE:

Baba Nicolas Momberg is op 22 Oktober gedoop.
Baie geluk aan Pappa en Mamma: Michael & Karen
Oumas:
Bella Swanepoel & Jean Momberg

Ons vra opreg om verskoning dat Ouma Jean se naam nie op die Sondag Afkondigings was nie.

KNIEWERK:

- Dankie Heer vir U genadereën! Ons bid voortdurend dat U wil sal geskied. Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, regverdigheid en eerlike leiers.
- Kankerbehandeling: Owen Wallis
- Donald van Rensburg oorgeplaas na Spescare
- Johan Nel steeds in Spescare
- Hennie Barnard vir spoedige en volkome herstel na motorongeluk
- Sakkie de Jager vir spoedige en volkome herstel na operasie
- Pierre de Goede vir spoedige en volkome herstel

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb. op hoogte.

GEBEDSHULPMIDDEL VIR OKTOBER:

Dit gaan oor beloftes wat God in Sy Woord vir ons gee oor verskeie aspekte.

Ons moet die beloftes gebruik wanneer ons bid – dit ons eie maak en vashou daaraan.

Week 4: Beloftes oor begeertes van jou hart

- Markus 11:24 - Daarom se Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.
- Psalm 20:4 - Mag Hy u gee wat u hart begeer en al u voornemens laat geluk.
- Spreuke 10:24 - Wat die regverdige begeer, gee God hom.

Dank die Here vir hierdie beloftes, glo dit en vertrou dat Hy 'n Waarmaker van Sy Woord is.

BELOFTEROLLE:

Ons wil jou graag uitnooi om Sondae agter in die kerk vir jou 'n belofterol te neem. Dit is gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 29 OKT SE BOODSKAP: MAT 22:34-46

(EEN-EN-TWINTIGSTE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

MET HART EN SIEL - Francois Malan

Vraag: Ons moet God liefhê met ons hele hart, siel & verstand. Wat is die verskil tussen "hart" & "siel"?

Antwoord: Die liefdesgebod in Markus 12:30,32 lui: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag." Daarvan het Matteus 22:37 drie genoem: Hart, siel en verstand Lukas 10:27 noem al vier: hart, siel, krag, verstand. Jesus gebruik hier Deuteronomium 6:5&6 se: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met al jou krag. Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het moet in jou gedagtes (letterlik: hart) bly." Wat in die Griekse vertaling van die Ou Testament (Septuaginta) vertaal is as: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele denke, en met jou hele siel en met al jou krag.

En hierdie woorde, alles wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart en in jou siel wees." Die ***Hebreeuse*** woord ***'hart'*** in die Ou Testament het baie betekenisse: die fisiese hart, die setel van jou lewenskrag, die setel van jou emosies, jou geneigdheid, jou wil of bedoeling, jou verstand, jou hele denke, jou gewete, jou lewe. Die **Griekse** woord vir **'hart'** in die Nuwe Testament word slegs figuurlik gebruik vir die bron van jou innerlike lewe, jou denke. Die **Hebreeuse** woord vir **'siel'** in die Ou Testament se betekenisse is o.a. die letterlike keel, asem, jou lewe, jou persoon, jou persoonlikheid, 'n mens, jou emosies soos jou verlange, jou buie, jou wil. Die **Griekse** woord vir **'siel'** in die Nuwe Testament dui jou binneste aan: denke, gedagtes, gevoelens, wese; jou lewe, jou persoon. Die betekenisse van die ***twee woorde 'hart' en 'siel' loop oormekaar.*** Terwyl 'hart' die bron van die denke en gesindheid van die mens beklemtoon, lê die klem met 'siel' miskien meer op die uitwerking daarvan op jou persoon en jou lewe. 'Al jou kragte' verwys dan meer na jou toepassing daarvan in jou optrede en dade. Maar die liefdesgebod wil eintlik onderstreep dat jy, die hele mens, met al wat jy is en het, die Here moet liefhê. In Handelinge 4:32 word gesê: die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed vir net homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel.

Met 'hart en siel' word die eensgesindheid van die gelowiges uitgedruk, dit wat jou lewenswyse bepaal.

Outeur: Dr Francois Malan

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier